SELFSORG
Volwassenes (en eggenote) in opleiding

'n Week of wat gelede het ek die voorreg gehad om by 'n gemeente oor verhoudings te gesels. Een en van die onderwerpe, uit John Gottman se navorsing, wat ek uitgelig het, is dat paartjies moet oop wees om mekaar te beïnvloed - verál die mans, want die vrouens is geneig om dit meer natuurlik te doen (moontlik oor hulle nie in die verlede'n keuse gehad het nie).

Uit 'n ander oord (en met 'n ander geleentheid) sien ek later híérdie YouTube video: https://youtu.be/afGjEwYxW5w van 'n persoon wat ek op TikTok volg. Hy en sy ma het hulle YouTube kanaal (getitel: Husbands in training) geskep om die korrelasie tussen hoe kinders grootword en die uitwerking wat dit op mense as eggenote en ouers het oor te dra. Ek besef toe opnuut hoe groot die rol van ouers in hierdie oop kommunikasie in huwelike is.

Uit die boek "How to talk so little kids will listen" word dit beklemtoon hoe belangrik dit is om jou kind se emosies te erken. Hulle ruimte te gee om hulle behoeftes te leer verbaliseer en te besef dat hulle menswees saakmaak. Die konsep van "kinders wat gesien maar nie gehoor moet word nie" het 'n direkte impak op selfbeeld en hoe mense hulle in hulle later jare dra.

As kind van die 80s en 90s was ons ervaring anders as die van "gentle parenting" of ook genoem: emosioneel intelligente ouerskap. Om nie te weet hoe om jou emosies te reguleer of jou behoeftes op gepaste wyse uit te druk nie was destyds "tantrums" of manipulasie genoem. As ons kinders se emosies en behoeftes ignoreer, kommunikeer ons nie nét dat hulle behoeftes en menswees nie vir ons saakmaak nie, ons skep volwassenes wat gekondissioneer is om hulle behoeftes te onderdruk en ook nie in voeling te wees met hulle emosies nie. Hulle glo nie hulle (of ander) se emosies of behoeftes is geldig nie, so word seuns - wat baie keer nie emosioneel intelligent grootgemaak is nie - mans wat nie die taal of kapasiteit het om hulle eggenote se behoeftes of gevoelens uit te herken en erken nie.

Gaan kyk gerus na bg. video en dink ook getus na oor die impak van hoe jy grootgeword het op jou ouerskapstyl óf as volwassene en moontlik eggenoot. Wat vir my mooi is van híérdie video is die houding dat dit nooit te laat is om te begin nie. Dit is ook nie te laat om jouself nuwe taal en spasie te leer nie.

Pieter Visser is mede-leraar by NG Wierdapark. Hy het 'n PhD in Voorhuwelikse Narratiewe begeleiding en werk-gesinsbalans, sy MA was in Pastorale gesinsterapie.

Pieter J. Visser - PhD | Leraar & Pastorale Fasiliteerder
N.G. Wierdapark
h/v Piet Hugost & Kortst, Wierdapark, 0157
Kantoor: 087 255 8849 | Selfoon: 082 565 9435 | Kerk: 012 654 7944 |
epos: afsprake@pieterjvisser.co.za
www: http://www.ngwierdapark.co.za & http://www.pieterjvisser.co.za